



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

**DRAMATIESE KUNSTE
FEBRUARIE/MAART 2013**

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. BEANTWOORD SLEGS DIE VRAE OOR DIE TONEELTEKSTE WAT JY BESTUDEER HET.
2. Daar word VYFTIEN minute leestyd toegestaan voor die begin van die eksamen.
3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A (30 punte)
AFDELING B (60 punte)
AFDELING C (60 punte)
4. AFDELING A bestaan uit TWEE vrae:

VRAAG 1: Epiese Teater
(*Kaukasiese Krytsirkel, Moeder Courage of Kanna Hy Kô Hystoe*)

VRAAG 2: Teater van die Absurde
(*Afspraak met Godot, Die Kaalkop Prima Donna of Bagasie*)

Beantwoord slegs EEN vraag uit AFDELING A.
5. AFDELING B bestaan uit AGT vrae:
 - VRAAG 3 (*Boesman en Lena*)
 - VRAAG 4 (*uNosilimela*)
 - VRAAG 5 (*Woza Albert!*)
 - VRAAG 6 (*Sophiatown*)
 - VRAAG 7 (*Nothing but the Truth*)
 - VRAAG 8 (*Groundswell*)
 - VRAAG 9 (*Siener in die Suburbs*)
 - VRAAG 10 (*Mis*)
Beantwoord slegs TWEE vrae uit AFDELING B.
6. AFDELING C bestaan uit DRIE vrae.

VRAAG 11 en VRAAG 12 is VERPLIGTEND.
Beantwoord by VRAAG 13 slegs EEN van die drie vrae, VRAAG 13.1 OF VRAAG 13.2 OF VRAAG 13.3.
7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
8. Gee aandag aan die getal punte wat aan elke vraag toegeken is.
9. Gebruik jou klaskamer kennis, asook gepaste onafhanklike en kreatiewe denke, om die vrae te beantwoord.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: BEGRYP EN ANALISEER

Beantwoord ÓF VRAAG 1: EPIESE TEATER ÓF VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE.

VRAAG 1: EPIESE TEATER

Beantwoord hierdie vraag indien jy *Kaukasiese Krytsirkel* OF *Moeder Courage* OF *Kanna Hy Kô Hystoe* bestudeer het.

Brecht wou sy gehoor uitdaag om na te dink oor wat hulle sien. Hy het verskillende teater tegnieke gebruik, soos om die vloeï van die storie te onderbreek sodat die gehoor die geleentheid kry om wat hulle sien, sorgvuldig te oordink.

Verduidelik in 'n gedetailleerde opstel hoe Brecht se tegnieke die gehoor uitdaag om krities te dink oor wat op die verhoog aangebied word.

Jou antwoord kan die volgende insluit:

- Brecht se filosofie
- Vervreemding ('Verfremdungseffekt')
- Historifikasie
- Epiese konvensies/tegnieke

Jou antwoord moet voorbeelde insluit van hoe die tegnieke in die toneeltekste wat jy hierdie jaar bestudeer het, aangewend is.

[30]**OF****VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE**

Beantwoord hierdie vraag indien jy *Afspraak met Godot* OF *Die Kaalkop Prima Donna* OF *Bagasie* bestudeer het.

'Absurd' beteken letterlik 'uit harmonie'. Vir die Absurdiste het waarheid uit chaos en 'n gebrek aan orde, logika of sekerheid bestaan. Die dramaturge van hierdie genre wou wys hoe betekenisloos die mens se worsteling was in 'n wêreld wat geen doel gehad het nie.

Bespreek in 'n opstel, met behulp van die gegewe leidrade en voorbeelde van die Teater van die Absurde-toneeltekste wat jy bestudeer het.

Jou antwoord kan die volgende insluit:

- Kenmerke van Absurdisme
- Struktuur van die toneelstuk
- Temas

[30]**TOTAAL AFDELING A: 30**

AFDELING B: BEGRYP EN ANALISEER

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 3: BOESMAN EN LENA DEUR ATHOL FUGARD

Lees die uittreksel hieronder uit *Boesman en Lena* en beantwoord die vrae wat volg.

| | | |
|----------|---|---------------------|
| BOESMAN: | <i>(Pak dringend hulle besittings op, rol kombars, ens.)</i> Kom jy? Ek vra nie weer nie. | |
| LENA: | Nei. Die eerste keer dat ek sê: nei. Saam met jou het ek genoeg geloop. Daai's nou klaar. Hiesa, in die Swartkops se modder, dis klaar. En daai's wat ek vanmôre wil gedoen het: klaar. Daai was die woord in my mond: nei! Is genoeg! Maar dit was nog nie reg nie. Nôú, ja. <i>(Boesman staar na haar.)</i> Hoor jy vir my, Boesman! Dis klaar! Kyk daar vir jou! Kyk daai hande! Dis weer vuiste. As Boesman 'n ding nie verstaan nie, dan slaat hy hom. Vir hom ... <i>(wys na dooie man)</i> jy't hom nie verstaan nie, né? Ek wil vir hom gehê het. 'n Kaffer! Toe kom neuk hy alles op en hy dood. En Boesman slaat hom. En nou vir my ook, ja. Nei, Boesman, ek stap nie saam met jou nie. Loop! Nou wil jy slaat, hê? <i>(Boesman paniekerig, hou aan met inpak.)</i> Hol jy! Daar's moeilikgeit! Die lewe het weer sy gatkant gedraai, ja. Hol! Maar die keer hol jy allening. En as jy dink dis safe, dan moet jy nie loop staan en vir my wag nie. Nei. Ek hol nie die ander pad wat weer vir my terugvat na jou toe nie. Ek hol not 'n moer. Ek's moeg. As jy weg is, dan kruip ek dáár in ... en ek slaap. <i>(Boesman hou op met pak en kyk na Lena. Hy snap haar bedoeling.)</i> | 5 10 15 20 |
| BOESMAN: | Daai's wat jy dink! <i>(Boesman begin die skuiling doelbewus en met beheerste geweld stukkend slaan.)</i> | 25 |
| LENA: | 'n Hotnot bulldozer! Hei, hei! Dankie, baas Boesman! Slaat hom in sy donner in! Hei, nou's dit ek wat lag. Hol, jou donner. Die witman jaag jou! | |

- 3.1 Verwys na reël 3–7 om die volgende vrae te beantwoord:
- 3.1.1 Waarom weier Lena om saam met Boesman te gaan? (3)
- 3.1.2 Is dit tipies van haar karakter? Motiveer jou antwoord. (4)
- 3.2 In reël 4 sê Lena: 'Saam met jou het ek genoeg geloop.'
- Beskryf haar fisiese en emosionele reis saam met Boesman en wat dit van hulle verhouding openbaar. (6)

- 3.3 Dink na oor die stelling 'As Boesman 'n ding nie verstaan nie, dan slaat hy hom' (reël 10–11). Verduidelik of dit 'n akkurate beskrywing van sy karakter is. (4)
- 3.4 Verduidelik waarom woorde soos 'kaffer' en 'hotnot' nie die gehoor sou geskok het toe die toneelstuk die eerste keer in 1969 opgevoer is nie. (4)
- 3.5 Watter raad sou jy aan 'n akteur gee oor die gebruik van die gesig en liggaam om Boesman se toenemende paniek en frustrasie in die uittreksel hierbo te vertolk? (6)
- 3.6 Bespreek hoe reël 18–22 op 'n ommeswaai/verandering in Boesman en Lena se verhouding dui. (3)

[30]**VRAAG 4: uNOSILIMELA DEUR CREDO MUTWA**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

The dancers come together in the Inkundla and face the trees and houses of the king's umuzi, which is set on the iThala. It is the Great Place of Magadlemzini, King of the amaQhashi. The storyteller enters dramatically.

- STORYTELLER: Bantabami, hlalani phansi! [My children, sit down!] 5
In the name of the great gods of our fathers, in the name of Dumakade, the far thunderer, and Somnganise, the friendly one, god of peace, and also in the name of Mvelinqangi, first-born of the almighty and the great mother of creation, we must this night do something so beautiful it will delight the ancestral spirits in the village and bring fear into the hearts of evil wizards that prowl in the bush! Niyezwa? [Do you hear?] 10
- DANCERS: [*Too quietly*]: Yebo, baba. [Yes, father.]
- STORYTELLER: [*Angrily*]: Niyezwa, ndlebe zenu? [I said, do you hear?]
- DANCERS: [*Much louder this time*]: Yebo, baba!
- STORYTELLER: Ever since Man first began to think, he began to wonder about the origin of many things. He wondered about the origin of the stars, the sun, the mountains, the seas and the miracle of life in them and he wove shining legends about all this. In the land of the Barotse there are those that say that Man originated from a great tree that grew in the middle of the desert, while in the land of the Batswana they say that Man and the animals crawled out of a great hole in the ground which is still to be seen today ... 15 20
- DANCERS: [*Chattering among themselves*]: Hawu, bathi saphuma emgodini! [Hawu, they say we came out of a hole!]
- STORYTELLER: And there in our own country, KwaZulu, we believe that Man originated from a great reed, uHlanga, that grew on the bank of a mighty river ... 25

- 4.1 Waarom verskyn uNosilimela nie aan die begin van die toneelstuk nie? (2)
- 4.2 Watter teatereffek het uNosilimela se verskyning later in die toneelstuk op die aksie? (2)
- 4.3 Die dansers neem hulle posisies in en maak gereed om op te tree (reël 1–2). Waarom kyk hulle na die koning se umuzi/paleis toe, in plaas daarvan om hulle rûe daarop te draai? (2)
- 4.4 Hoe berei die storieverteller die gehoor voor om 'in karakter te kom' sodat hulle kan luister en aan die storie kan deelneem? (4)
- 4.5 Inheemse opvoervorme gebruik spesifieke opvoertegnieke.
- 4.5.1 Kies EEN van hierdie opvoertegnieke en verduidelik die funksie en doeltreffendheid daarvan in die toneelstuk. (4)
- 4.5.2 Watter teatereffek sal die dramatiese binnekoms van die storieverteller op die opvoering hê? (4)
- 4.6 Watter tipe reaksie kan van die gehoor verwag word wanneer die storieverteller die verskeie name van God in reël 6–9 aanroep? (3)
- 4.7 Wat beteken die naam *uNosilimela* en hoe hou dit verband met die toneelstuk in sy geheel? Verwys na reël 17–19 in die gewese uittreksel. (3)
- 4.8 As jy die regisseur vir reël 15–23 was, watter raad sou jy aan die akteur gee wat die rol van die storieverteller speel oor die gebruik van ruimte, sy stem en fisiese aksie? (6)

[30]

VRAAG 5: WOZA ALBERT! DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON

- 5.1 Bespreek hoe die toneelstuk *Woza Albert!* gehore kon vermaak en opvoed oor sosiale kwessies gedurende die apartheidsera. (6)
- 5.2 Gee DRIE redes waarom die toneelstuk *Woza Albert!* steeds 'n gewilde keuse vir 'n skoolproduksie is. (6)
- 5.3 *Woza Albert!* is 'n politieke satire wat in Suid-Afrika se apartheidsjare afspeel en is gebaseer op die idee van die tweede koms (wederkoms) van Christus.
- 5.3.1 Wat verstaan jy onder die term *politieke satire*? (2)
- 5.3.2 Verduidelik hoe die reaksies van enige TWEE karakters op die tweede koms (wederkoms) van Christus/Morena die tema van ongelykheid/onregverdigheid beklemtoon. (6)

Bestudeer BRON A hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

BRON A



Die oorspronklike rolverdeling, Mbongeni Ngema en Percy Mtwa, in 'n produksie van *Woza Albert!*

- 5.4 Noem die toneelspeltegniek wat deur die akteurs in BRON A gebruik word. (2)
- 5.5 Beskryf TWEE ander voorbeelde van hoe hierdie tegniek elders in die toneelstuk gebruik word. (4)
- 5.6 Verduidelik waarom regisseurs sou verkies om nie oordadige kostuums in 'n produksie van *Woza Albert!* te gebruik nie. (4)
- [30]

VRAAG 6: SOPHIATOWN DEUR DIE JUNCTION AVENUE-TEATERGESELSKAP

Verwys na BRON A en BRON B hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRON A

MINGUS: Listen Jakes – if you're making trouble again ...

JAKES: There's going to be no trouble. This young lady has bravely stepped into the unknown. Jumped in where angels even fear to tread. Answered an unusual advert – and here she is. We are going to do everything we can to make life easy for her. I assure you, Ruth – you have the best protection in the neighbourhood. Mingus here is an American. 5

| | | |
|-----------|---|----|
| RUTH: | An American! | |
| MINGUS: | An American. Nobody troubles an American's friends. But I choose my friends very very carefully! | |
| MAMARITI: | Lulu! <i>(Lulu crosses to her mother, who whispers in her ear, gesticulating furiously.)</i> | 10 |
| LULU: | My mother wants to know if you can pay a good rent. | |
| RUTH: | A good rent? I'm sure I can. <i>(Whispered exchange)</i> | 15 |
| LULU: | My mother wants to know if you can pay £2 5s a month? | |
| RUTH: | It's a bit steep. | |
| LULU: | So? | |
| RUTH: | Well, I can do it ... <i>(Whispered exchange)</i> | 20 |
| LULU: | My mother says you can stay. | |
| RUTH: | Thank you. | |
| MINGUS: | Hold it! Hold it! I'll decide. <i>(He takes a long walk around her, evaluating her.)</i> Alright, she can stay. | 24 |

- 6.1 Verwys na reël 2: 'There's going to be no trouble.'
Verduidelik waarom Mingus moeilikheid verwag as Ruth in die huis bly. (4)
- 6.2 Bespreek waarom Mamariti nie direk met Ruth praat wanneer hulle die finansiële aspekte van haar verblyf in die huis bespreek nie. (4)
- 6.3 Mingus 'evalueer' Ruth voordat hy besluit of sy kan bly (reël 23–24).
Bespreek die karakter van Mingus en verduidelik hoe hierdie teksreëls sy algemene houding en gedrag teenoor vroue aandui. (6)
- 6.4 Die Junction Avenue-teatergeselskap het 'n storie gevind oor 'n advertensie vir 'n Joodse meisie om in Sophiatown te kom bly; dit het tot die skepping van die toneelstuk *Sophiatown* gelei.
Verduidelik die proses wat die Junction Avenue-teatergeselskap gebruik het in die skepping van hierdie toneelstuk. (8)

BRON B

Sophiatown – 'n kleurvolle, lewendige, gewelddadige en soms walglike plek wat 'n naam sou word wat verbind word aan beide 'n bloeiende tydperk van kreatiwiteit in skryfwerk, musiek en politiek, en 'n kragtige metafoor vir die verwoesting wat deur die Nasionalistiese Regering se beleid van 'aparte ontwikkeling' veroorsaak is.

(Pat Schwartz)

6.5 In BRON B word Sophiatown beskryf as 'n 'gewelddadige en soms walglike plek'.

Bespreek hoe die stelling hierbo die realiteit van die lewe in Sophiatown weerspieël en toon aan hoe dit deur die karakter van Mingus uitgebeeld word.

(8)
[30]

VRAAG 7: NOTHING BUT THE TRUTH DEUR JOHN KANI

Lees die volgende uittreksel uit *Nothing but the Truth* en beantwoord die vrae wat volg.

MANDISA: What are you saying about my father? Are you saying he was a total fake? He was no hero?

SIPHO: No. He was involved. He was in the Struggle, but on his terms. He got what he wanted from the Struggle – money, women, fame.

THANDO: Then why did he leave the country? Everybody says if he stayed the police would have killed him. So what are you saying? 5

SIPHO: Themba left because I ... we had a fight.

THANDO: What?

MANDISA: Yes. My father once told us about a terrible fight you had with him.

THANDO: Yes. I also had something like that from my aunt. She said my mother knew what the fight was about. What happened, Daddy? Why did she leave? 10

SIPHO: I told you. She stopped loving me, that's all. She had to leave.

THANDO: She had to leave? What do you mean? Why? No one in my family ever wanted to talk about my mother. Everyone always says, 'Oh your mother, Thando, she was very beautiful. Your father loved her very much,' and nothing more. I was eighteen months old when she left. No mother can forget her baby forever. Not a letter, or a message from her to me. Durban is not in another country. Do you know where she is? Do you know why she left me? Me, Daddy, not you! Why she left me! I want to know. Now. 15 20

- 7.1 Verduidelik wat Sipho bedoel wanneer hy sê dat Themba wel in die Struggle was, maar op sy eie voorwaardes (reël 3). (4)
- 7.2 Die kern van realistiese drama is konflik. Dit dryf die intrige en karakters na 'n klimaks en slot.
- Bespreek enige TWEE kwessies van konflik tussen die karakters Sipho en Themba wat die intrige (plot) tot 'n klimaks dryf. Verwys na die gegewe uittreksel en die toneelstuk as 'n geheel. (8)
- 7.3 Lees en oordink reël 14–21.
- 7.3.1 Thando was nog altyd 'n liefdevolle, pligsgetroue dogter wat die tradisies en die kultuur van haar familie gevolg het en haar pa die respek gegee het wat hy verdien as hoof van die huis.
- Bespreek hoe reël 14–21 'n verandering in Thando se karakter aandui. (4)
- 7.3.2 Hoe sal Stanislavski se akteuropleidingstegnieke 'n aktrise wat Thando speel, help om haar karakter realisties te vertolk? (8)
- 7.4 *Nothing But the Truth* is 'n toneelstuk wat van realistiese ontwerpelemente gebruik om 'n illusie van die werklikheid te skep.
- Verduidelik hoe die kostuums van die drie karakters die realistiese styl van die toneelstuk, sowel as hulle persoonlikhede weerspieël. (6)
- [30]**

VRAAG 8: GROUNDSWELL DEUR IAN BRUCE

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

BRON A

SMITH: *And under the oppression of the silent fog
The tolling bell
Measures time, not our time, rung by the unhurried
Groundswell –
(Thami enters from the kitchen. He is wearing a white shirt, his best dark 5
trousers and apron; his manner is that of a hotel steward.)*

THAMI: Did you call, Mr Smith?

SMITH: No. No, just thinking out loud.

THAMI: Would you like some other music?

SMITH: Thank you, no. There was nothing wrong with the music. I just wanted to 10
listen a while to that bell. Brings to mind a poem I had to memorise when I
was a schoolboy.

| | |
|--|----|
| THAMI: (<i>Notices the empty wine glass.</i>) Super. Maybe you'd like to have some more wine? | |
| SMITH: Thanks, I'll help myself. It's not bad ... what is it? (<i>Picks up the bottle. Reads the label.</i>) Rubicon. Now that's interesting. Do you know how this wine came about? | 15 |
| THAMI: (<i>Misunderstands the question.</i>) What does it say on the bottle? | |
| SMITH: This wine, I believe, was cultivated to commemorate PW Botha's famous speech in 1985. He promised to 'cross the Rubicon'; his way of saying he intended to dismantle apartheid, or so we all thought. The wine's probably the only good that ever came of it. | 20 |

8.1 Smith dink aan 'n gedig wat hy as 'n skoolseun geleer het.

Hoe sou jy die akteur wat die rol van Smith speel, help om reël 1–4 te vertolk sodat die gehoor sal weet dat hy besig is om 'n gedig voor te dra?

(4)

8.2 Verduidelik hoe die volgende simbole in die toneelstuk gebruik word:

- Mis
- Tyd

(6)

8.3 Verduidelik hoe die naam van die wyn (Rubicon) die sosiopolitieke agtergrond van die toneelstuk weerspieël deur na reël 20–24 van die uittreksel te verwys.

(4)

8.4 Verduidelik hoe die titel, *Groundswell*, vir die gehoor sommige van die kwessies aandui wat hulle in die toneelstuk gaan teëkom.

(6)

Lees die bron hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRON B

'*Groundswell* is 'n toneelstuk wat nog lank na die hede weerklank sal vind omdat dit nie 'n gladde oplossing voorstel nie. Deur dinge te vertel soos wat hulle is, sê Bruce se toneelstuk dat om onself en ons verlede in Suid-Afrika te aanvaar, dit onvermydelik 'n uitgerekte proses is wat moed en eerlikheid verg, en wat min ruimte laat vir simplistiese selfvoldaanheid.'

(Wilhelm Snyman in sy resensie *Brutal, honest journey through the tortured soul of contemporary SA*)

8.5 Verduidelik hoe die karakter van Johan probeer om 'homself en sy verlede in Suid-Afrika te aanvaar' deur te fokus op die temas van **om te behoort en identiteit** en **skuld en verlossing** in die toneelstuk.

(10)
[30]

VRAAG 9: SIENER IN DIE SUBURBS DEUR PG DU PLESSIS

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| | | |
|----------|--|----|
| TJOKKIE: | Daar's die eerste man nou weer. Hy's jonger as die ander een. Hy soek weer in die akkertjie. Waar hy geplant het, is die grond gelyk. Waar die ouer man geplant het, groei daar iets. Ja, daar sien hy dit. Hy's bly. Hy dink seker dis syne ... dit word dof ... dis nou weg. | |
| TIEMIE: | Is nie, Boetie! Is nie. | 5 |
| JAKES: | Wie's die ou? (<i>Hy's baie gespanne.</i>) | |
| GIEL: | Sjuut, magtig. | |
| JAKES: | Wie's die ou? | |
| TIEMIE: | Hy lieg, Jakes! | |
| GIEL: | Bly stil! Ek wil van die perde vra. | 10 |
| JAKES: | Wie's die ou? | |
| MA: | Jakes, dit beteken dalk iets anders! | |
| JAKES: | (<i>Staan terug</i>) Ek sal hom uitfigure. Die shaister het gesê hy sal lieg, maar ek sal vir hom uitfigure. | |
| TIEMIE: | Hy lieg, Jakes. Regtig, dit was net jy. | 15 |
| JAKES: | Ek sal hom uitfigure. | |
| GIEL: | Bly stil! As hy weer opkom, gaan ek hom vra van die perde. | |
| MA: | Jakes, onthou nou, dit beteken dalk iets anders. | |
| JAKES: | (<i>Vir Tiemie</i>) Ek sal hom uitfigure, my girlie, ek sal vir hom uitfigure. | |
| GIEL: | Hier kom hy weer op. Bly stil. | 20 |

9.1 In reël 2 praat Tjokkie van 'n klein stukkie grond ('akkertjie') waarin twee mans 'plant'.

Wat is die betekenis van Tjokkie se woorde binne die breër konteks van die toneelstuk?

(4)

9.2 Jakes herhaal 'Wie's die ou?' drie keer (reël 6, 8 en 11).

Hoe sou 'n akteur sy stem in die vertolking van hierdie reëls gebruik om spanning te skep?

(5)

9.3 In *Siener in die Suburbs* is die egtheid van Tjokkie se visioen onseker.

Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord deur ook na die res van Tjokkie se visioen in die teks te verwys.

(4)

- 9.4 Bespreek hoe Tjokkie sy gawe om te 'sien' ervaar. Gebruik TWEE voorbeelde uit die toneelstuk om jou antwoord te motiveer. (6)
- 9.5 In *Siener in die Suburbs* manifesteer liefde op verskillende maniere in die verhoudings tussen die karakters.
Bespreek die geldigheid/waarheid van hierdie stelling deur na Tjokkie en Tiemie se verhouding te verwys. (5)
- 9.6 Gee 'n beskrywing van die kostuums wat geskik sou wees vir beide Tjokkie EN Tiemie en motiveer jou keuse. (3 x 2) (6)
[30]

VRAAG 10: MIS DEUR REZA DE WET

- 10.1 Lees die aanhaling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

'n Sonsverduistering is eintlik 'n doodnormale natuurverskynsel, maar in die mond van Konstabel kry dit 'n vreemde, magiese kwaliteit.

(Cornelia du Preez)

- 10.1.1 Waarom vertel Konstabel die vroue van die sonsverduistering in *Mis*? (2)
- 10.1.2 Verduidelik die storie wat Konstabel van die sonsverduistering vertel. (4)
- 10.1.3 Bespreek die simboliese betekenis van die sonsverduistering in die toneelstuk. (8)
- 10.2 Die titel van *Mis* kan op meer as een vlak verstaan word.
- 10.2.1 Gee VIER moontlike betekenis van die titel. (4)
- 10.2.2 Bespreek hoe TWEE van hierdie betekenis in die teks toegepas word. (2 x 3) (6)
- 10.3 Bespreek hoe die volgende rekwisiete simbolies in *Mis* gebruik word:
- Die sakke mis (3)
 - Die appel (3)
- [30]**

TOTAAL AFDELING B: 60

AFDELING C: PAS PERSOONLIKE HULPBRONNE TOE EN BESIN EN EVALUEER

AFDELING C is VERPLIGTEND.

VRAAG 11

Lees die gedig *Land* deur Antjie Krog (vry vertaal) en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Land – Antjie Krog

onder bevele van my voorgeslagte is jy
beset
had ek taal kon ek skryf want jy was grond
my grond

maar my wou jy nooit hê nie 5

hoe ek ook al strek om my neer te lê
in ruisende blou bloekoms
in bees wat horings sak in Diepvele
rimpelend drink die trillende keelvel
in tafsytossels in leksels gom 10
in doringbome afgegely na die
leegtes

...

nou word geveg om jou
beding verdeel verkramp verkoop versteel
verpand 15


ek wil ondergronds gaan met jou grond
grond wat my nie wou hê nie
grond wat nooit aan my behoort het nie

grond wat ek vergeefser as vroeër liefhet 19

- 11.1 Stel jou voor jy moet hierdie gedig aanbied vir assessering.
Verduidelik hoe jy vir jou vertolking van hierdie gedig sou voorberei. Hou die gebrek aan leestekens in gedagte. (3)
- 11.2 Verduidelik hoe jy jou stem sou gebruik in jou vertolking van reël 5–12 om 'n beeld/prentjie in die gedagtes van die gehoor te skep. (4)
- 11.3 Hoe sou jy reël 13–16 fisies vertolk sodat die betekenis van die gedig doeltreffend oorgedra word? (4)
- 11.4 Verduidelik, en gee 'n voorbeeld, waarom dit noodsaaklik is om jou stem op te warm voordat jy 'n opvoering doen. (4)
- [15]**

VRAAG 12

Verwys na die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRON A

- 12.1 Verduidelik of jy dink die opvoering hierbo is 'n komiese of 'n ernstige opvoering van fisiese teater. (4)
- 12.2 Hoe sou die grootte en vorm van die rekwisiet die kunstenaars en hulle bewegings in die opvoering hierbo beïnvloed? (4)
- 12.3 Word die beweging in BRON A deur die gebruik van kostuums versterk of verhinder? Motiveer jou antwoord. (4)
- 12.4 Beskryf DRIE vaardighede wat akteurs sou benodig om in die opvoering hierbo op te tree. (6)
- 12.5 As jy EEN rekwisiet in jou eie bewegingstuk kon gebruik, wat sou dit wees? Noem ook hoe jy hierdie rekwisiet in jou stuk kon insluit sonder om die gehoor se aandag af te trek. (4)

BRON B

Die opvoervaardighede wat 'n leerder gedurende drie jaar van studie in die vak Dramatiese Kunste verkry en ontwikkel het, kan deur die eksaminator en gehoor in sy/haar finale praktiese eksamen gesien word. Wat nie so opmerklik is nie, is die reis van persoonlike ontwikkeling waarop die leerder sedert graad 10 is.

- 12.6 Bespreek in 'n paragraaf hoe die praktiese lesse jou persoonlike groei en ontwikkeling as Dramatiese Kunste-leerder sedert graad 10 ondersteun het. Verwys in jou antwoord na die aanhaling.

(8)
[30]

VRAAG 13

Beantwoord EEN van die volgende drie vrae, ÓF VRAAG 13.1 ÓF VRAAG 13.2 ÓF VRAAG 13.3.

Die lengte van jou antwoord behoort 'n minimum van EEN bladsy te wees.

13.1 LEWENDIGE OPVOERING (KEUSEVRAAG)

Ek vind dat dit een van die wonderlike dinge van toneelspel is – dat jy die geleentheid het om in iemand anders se skoene te staan. Elke karakter trotseer 'n dilemma in haar lewe, en as 'n aktrise is jy in staat om onder daardie karakter se vel in te kruip, om deur haar oë te sien. Jy gaan getransformeer daar weg, as 'n ander mens, want as jy eers 'n klein bietjie van iemand anders se lewe geleef het, verander dit jou.

(Sally Field, *Ability Magazine*, Feb. 2009)

Evalueer die geldigheid van die stelling hierbo deur op die volgende punte te fokus:

- Jou eie optree-ervaring
- Akteurs wat jy sien optree het
- Opvoervaardighede wat jy verkry het

[15]

OF

13.2 MEDIASTUDIE (KEUSEVRAAG)

'Ons probeer altyd visuele maniere vind om die storie mee te vertel. Ons wil nie net pratende aanbieders ('talking heads') hê nie. Ons soek altyd na 'n 'televisie-oomblik' – dit waaroor mense praat as die program verby is.'

(Patty Neger)

Bespreek hoe vervaardigers en regisseurs probeer om 'n 'televisie-oomblik' vas te vang deur enige EEN gespreksprogram ('talk show'), speletjiesprogram of werklikheidsprogram te bespreek. Gebruik die volgende punte in die ontwikkeling van jou antwoord:

- Inligting oor die spesifieke genre (Watter vaardighede word gebruik?)
- Tegnieke wat gebruik word om die 'televisie-oomblik' mee te skep (Hoe word gehore se aandag vasgevang?)
- Teikengehoor (Wie sal daarin belangstel?)

[15]

OF

13.3 KULTURELE OPVOERING EN RITUEEL (KEUSEVRAAG)

'n Oorgangsgebeurtenis wat die tydstip aandui as 'n persoon 'n nuwe en betekenisvolle verandering in sy/haar lewe bereik, word deur amper alle gemeenskappe erken en seremonies word dikwels daarvoor gehou. Hierdie seremonies sluit geboortes, die bereiking van puberteit, troues en begrafnisse in. Die meeste van hierdie seremonies of rituele bevat teaterelemente.

Kies EEN seremonie of ritueel uit enige kultuur en bespreek die volgende:

- Teater-/Opvoerelemente (byvoorbeeld, die gebruik van ruimte, kostuums ensovoorts) wat in die seremonie of ritueel voorkom
- Die rol van die 'gehoor' of deelnemers
- Jou eie kulturele ervaring van deelname in seremonies of rituele

[15]

TOTAAL AFDELING C: 60
GROOTTOTAAL: 150